L.W. — Tenders wat voorheen gepubliseer is en waarvan die sluitingsdatum nog nie verstreke is nie, word nie in hierdie kennisgewing herhaal nie. Tenders word normaalweg 3-5 weke voor die sluitingsdatum gepubliseer.

**TRANSVAALSE PROVINSIALE
ADMINISTRASIE**

TENDERS

Tenders vir die volgende dienste/voorrade/verkope word ingewag. (Tensy dit in die uiteensetting anders aangegee word, word tenders vir voorrade bedoel):—

Tender No.	Beskrywing van Diens Description of Service	Sluitingsdatum Closing Date
H.D.	2/6/82 Ambulances/Ambulanse.....	12/3/1982

BELANGRIKE OPMERKINGS.

1. Die betrokke tenderdokumente, met inbegrip van die amptelike tendervorms van die Administrasie, is op aanvraag by die onderstaande adresse verkrygbaar. Sodanige dokumente asmede enige tender / kontrakvoorwaardes wat nie in die tenderdokumente opgeneem is nie, is ook by die genoemde adres vir inspeksie verkrygbaar:

Tender verwy-sing	Posadres te Pretoria	Kantoor in Nuwe Provinsiale Gebou, Pretoria.			
		Kamer No.	Blok	Verdieping	Foon Pretoria
HA 1 & HA 2	Direkteur van Hospitaal-dienste, Pri-vaatsak X221.	A740	A	7	28-9260
HB	Direkteur van Hospitaal-dienste, Pri-vaatsak X221.	A726	A	7	28-9204
HC	Direkteur van Hospitaal-dienste, Pri-vaatsak X221.	A726	A	7	28-9204
HD	Direkteur van Hospitaal-dienste, Pri-vaatsak X221.	A743	A	7	28-9201
PFT	Provinsiale Sekretaris (Aankope en Voorrade), Pri-vaatsak X64.	A1020	A	11	28-0441
RFT	Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, Pri-vaatsak X197.	D307	D	3	28-0530
TOD	Direkteur, Transvaalse Onderwys-departement, Pri-vaatsak X76.	A489	A	4	28-9612
WFT	Direkteur, Transvaalse Werke-departement, Pri-vaatsak X228.	C119	C	1	28-9254
WFTB	Direkteur, Transvaalse Werke-departement, Pri-vaatsak X228.	B103	B	1	28-0306

IMPORTANT NOTES.

1. The relative tender documents including the Administration's official tender forms, are obtainable on application from the relative address indicated below. Such documents and any tender/contract conditions not embodied in the tender documents are also available for inspection at the said address:

Tender Ref.	Postal address Pretoria	Office in New Provincial Building, Pretoria			
		Room No.	Block	Floor	Phone Pretoria
HA 1 & HA 2	Director of Hospital Services, Private Bag X221.	A740	A	7	28-9260
HB	Director of Hospital Services, Private Bag X221.	A726	A	7	28-9205
HC	Director of Hospital Services, Private Bag X221.	A726	A	7	28-9204
HD	Director of Hospital Services, Private Bag X221.	A743	A	7	28-0354
PFT	Provincial Secretary (Purchases and Supplies), Private Bag X64.	A1020	A	11	28-0924
RFT	Director, Transvaal Roads Department, Private Bag X197.	D307	D	3	28-0530
TED	Director, Transvaal Education Department, Private Bag X76.	A489 A490	A	4	28-9231 28-9437
WFT	Director, Transvaal Department of Works, Private Bag X228.	C119	C	1	28-9254
WFTB	Director, Transvaal Department of Works, Private Bag X228.	B103	B	1	28-0306

2. Die Administrasie is nie daartoe verplig om die laagste of enige tender aan te neem nie en behou hom die reg voor om 'n gedeelte van 'n tender aan te neem.

3. In die geval van iedere W.F.T.B.-tender moet die tenderaar 'n deposito van R4 stort alvorens hy van die tenderdokumente voorsien sal word. Sodanige deposito moet in kontantgeld wees, 'n tjek deur die bank geparafeer of 'n departementele legorder kwitansie (R10). Genoemde depositobedrag sal terugbetaal word as 'n bona fide-inskrywing van die tenderaar ontvang word of as die tenderdokumente, met inbegrip van planne, spesifikasies en hoeveelheidslyste, binne 14 dae na die sluitingsdatum van die tenderaar teruggestuur word na die betrokke adres in opmerking 1 hierbo aangetoon.

4. Alle tenders moet op die amptelike tendervorm van die Administrasie voorgelê word.

5. Iedere inskrywing moet in 'n afsonderlike verselde kovert ingedien word, geadresseer aan die Voorsitter, Die Transvaalse Provinsiale Tenderraad, Posbus 1040, Pretoria, en moet duidelik van die opskrif voorsien wees ten einde die tenderaar se naam en adres aan te toon, asook die nommer, beskrywing en sluitingsdatum van die tender. Inskrywings moet teen 11h00 op die sluitingsdatum hierbo aangetoon, in die Voorsitter se hande wees.

6. Indien inskrywings per hand ingedien word, moet hulle teen 11h00 op die sluitingsdatum in die Formele Tenderbus geplaas wees by die navraagkantoor in die voorportaal van die nuwe Provinsiale Gebou by die hoofingang aan Pretoriusstraat se kant (naby die hoek van Bosmanstraat), Pretoria.

J. H. Conradie, Voorsitter, Transvaalse Provinsiale Tenderraad, Pretoria, 9 Desember 1981.

2. The Administration is not bound to accept the lowest or any tender and reserves the right to accept a portion of a tender.

3. In the case of each W.F.T.B. tender the tenderer must pay a deposit of R4 before he will be supplied with the tender documents. Such deposit must be in the form of cash, a bank initialled cheque, or a department standing deposit receipt (R10). The said deposit will be refunded if a bona fide tender is received from the tenderer or if the tender documents including plans, specifications and bills of quantities are returned by the tenderer within 14 days after the closing date of the tender to the relative address shown in note 1 above.

4. All tenders must be submitted on the Administration's official tender forms.

5. Each tender must be submitted in a separate sealed envelope addressed to the Chairman, Transvaal Provincial Tender Board, P.O. Box 1040, Pretoria, and must be clearly superscribed to show the tenderer's name and address, as well as the number, description and closing date of the tender. Tenders must be in the hands of the Chairman by 11h00 on the closing date indicated above.

6. If tenders are delivered by hand, they must be deposited in the Formal Tender Box at the Enquiry Office in the foyer of the New Provincial Building at the Pretorius Street main entrance (near Bosman Street corner), Pretoria, by 11h00 on the closing date.

J. H. Conradie, Chairman, Transvaal Provincial Tender Board, Pretoria, 9 December, 1981.

Notices By Local Authorities

Plaaslike Bestuurskennisgewings

TZANEEN MUNICIPALITY.

ADVERTISEMENT IN TERMS OF SECTION 26(1)(a) OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965.

The Town Council of Tzaneen has prepared a draft Town-planning scheme, to be known as Tzaneen Amendment Scheme no. 8.

This scheme will be an amendment scheme and contains the following proposals:

The Rezoning of erven 184 up to and including 192, situated on Loop Street and Boundary Street, Tzaneen Township, from "Residential 1" with a density of 1 "1 dwelling per erf" and erven 193 up to and including 196, situated on Loop Street and Boundary Street, Tzaneen Township, from "Residential 4" to "Business 1".

Particulars of this scheme are open for inspection at the office of the town secretary, Municipal Offices, Tzaneen for a period of 4 weeks from the date of the first publication of this notice in the *Provincial Gazette*, which is the 17th December, 1981.

Any objections or representations in connection with this scheme shall be submitted in writing to the undersigned within a period of 4 weeks from the abovementioned date.

L. POTGIETER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 24,
Tzaneen.
0850.
17 December, 1981.
Notice No. 65/1981.

MUNISIPALITEIT TZANEEN.

ADVERTENSIE INGEVOLGE ARTIKEL 26(1)(a) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPE EN DORPSBEPLANNING, 1965.

Die Stadsraad van Tzaneen het 'n ontwerp dorpsbeplanningskema opgestel wat bekend sal staan as Tzaneen-wysigingskema No. 8.

Hierdie sal 'n wysigingskema wees en bevat die volgende voorstelle:

Die hersonering van Erwe 184 tot en met 192, geleë aan Loopstraat en Boundarystraat, Dorp Tzaneen, van "Residensieel 1" met 'n digtheid van "1 woonhuis per erf" en Erwe 193 tot en met 196, geleë aan Loopstraat en Boundarystraat, Dorp Tzaneen, van "Residensieel 4" tot "Besigheids 1".

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae by die kantoor van die stadsekretaris, Munisipale kantore, Tzaneen, vir 'n tydperk van 4 weke vanaf datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* af, naamlik 17 Desember 1981.

Enige beswaar of vertoë in verband met hierdie skema moet skriftelik binne 'n tydperk

van 4 weke vanaf bogemelde datum aan die ondergetekende voorgelê word.

L. Potgieter,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Posbus 24,
Tzaneen.
0850.
17 Desember 1981.
Kennisgewing No. 65/1981.

1380-17-23

CITY COUNCIL OF VERWOERDBURG.

AMENDMENT TO DOG, STANDARD BUILDING AND SEWERAGE BY-LAWS.

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council intends amending the following by-laws:-

1. Dog By-laws
2. Standard Building By-laws
3. Sewerage By-laws

The general purport of these amendments is as follows:

1. To do away with the provision of a metal tag with the receipt of a dog licence.

2+3 To restrict the Council's liability in terms of the Building and Sewerage By-laws.

Copies of these amendments are open to inspection at the office of the Council for a period of fourteen days from the date of publication hereof.

Any person who desires to record his objection to the said amendments must do so in writing to the undermentioned within 14 days after the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

TOWN CLERK.

Municipal Office,
P.O. Box 14013,
Verwoerdburg,
0140.
23 December, 1981
Notice No. 82/81.

STADSRAAD VAN VERWOERDBURG.

WYSIGING VAN HONDEVERORDENINGE EN STANDAARDBOU- EN RIOOLVERORDENINGE.

Daar word hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Raad voornemens is om die volgende verordeninge te wysig:

1. Hondeverordeninge
2. Standaardbouverordeninge
3. Rioolverordeninge

Die algemene strekking van hierdie wysigings is soos volg:

1. Dat daar afgesien word van die voorsiening van 'n metaalplaatjie saam met die kwintansie vir 'n hondelisenjie.

2+3 Dat die Raad se aanspreeklikheid ingevolge die bouverordeninge en rioolverorden-

inge by die goedkeuring van enige bouwerk beperk word.

Afskrifte van hierdie wysigings lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken moet dit skriftelik binne 14 dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* by die ondergetekende doen.

STADSKLERK.

Munisipale Kantore;
Posbus 14013,
Verwoerdburg,
0140.
23 Desember 1981.
Kennisgewing No. 82/81.

1387-23

TOWN COUNCIL OF ALBERTON.

PROCLAMATION OF A PUBLIC ROAD OVER PORTION 297 OF THE FARM ELANDSFONTEIN NO. 108-IR TO SERVE AS CONNECTION BETWEEN CHRISLOU CRESCENT, ALBERTON EXTENSION 34 AND BLOUTULP ROAD, VERWOERDPARK.

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 5 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904, as amended, that the Town Council of Alberton has lodged a petition with the Hon. the Administrator for the proclamation of a public road over Portion 297 of the farm Elandfontein No. 108-IR as indicated on Diagram SG No. A 4472/81.

A copy of the petition and the diagram aforementioned may be inspected at the office of the Town Secretary during normal office hours.

Any person who has any objection to such proclamation or who may have any claim for compensation if such proclamation is carried out, must lodge such objection or claim, as the case may be, in writing in Duplicate with the Town Clerk, Municipal Offices, Alberton, and the Director of Local Government, Pretoria, within one month after the last publication of this notice viz. not later than 8 February, 1982.

J.J. PRINSLOO,
Acting Town Clerk.

Municipal Offices,
Alberton.
23 December, 1981.
Notice No. 82/1981.

STADSRAAD VAN ALBERTON.

PROKLAMASIE VAN 'N OPENBARE PAD OOR GEDEELTE 297 VAN DIE PLAAS ELANDSFONTEIN NO. 108-IR OM TE DIEN AS VERBINDING TUSSEN CHRISLOU-SINGEL, ALBERTON UITBREIDING 34 EN BLOUTULPWEG, VERWOERDPARK.

Kennis geskied hiermee, ingevolge die bepalinge van artikel 5 van die "Local Authorities Roads Ordinance, 1904", soos gewysig, dat die Stadsraad van Alberton 'n versoekskrif by

Sy Edele die Administrateur ingedien het vir die proklamasie van 'n openbare pad oor Gedeelte 297 van die plaas Elandsfontein No. 108-IR soos meer volledig aangedui op plan LG No. A4472/81.

'n Afskrif van die versoekskrif en landmeterskaart hierbo vermeld lê gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsekretaris ter insae.

Enigiemand wat beswaar wil opper teen die voorgenome proklamasie of wat moontlik skadevergoeding sal wil eis, al na gelang van die geval, indien die voorgenome proklamasie plaasvind, moet sodanige beswaar of eis skriftelik in Tweevoud by die Stadsklerk, Municipale Kantoor, Alberton en die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria, indien binne een maand na die laaste publikasie van hierdie kennisgewing dit wil sê nie later nie as 8 Februarie 1982.

J. J. PRINSLOO,
Waarnemende Stadsklerk,

Municipale Kantoor,
Alberton.
23 Desember 1981.
Kennisgewing No. 82/1981.

1388-23-30-6

TOWN COUNCIL OF ALBERTON.

AMENDMENT TO AND MAKING, ADOPTION AND REVOCATION OF BY-LAWS.

Notice is hereby given in terms of sections 96 and 96bis of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Alberton has amended, made adopted or revoked the following by-laws, namely:-

1. It has made Railway Service Line and Private Siding By-laws. The general purport of the by-laws is to prescribe conditions on which the Council's railway service lines may be used and private sidings may be built and used, and to levy charges on premises which are served or, in the opinion of the Council, are capable of being served by a railway service line.

2. It has further amended its Electricity By-laws, adopted under Administrator's Notice 1475, dated 30 August, 1972, as amended. The general purport of the amendment is to provide for an increase in the charges payable by consumers for domestic supply and for commercial, industrial and general supply, in order to cover the increase in charges payable by the Council to ESCOM.

3. It has adopted, with amendments, the Standard By-laws relating to Dogs, published under Administrator's Notice 1387, dated 14 October, 1981, as by-laws made by the Council. The general purport of the by-laws is to regulate the keeping of dogs, to impose a tax on dogs and to provide for the impounding, capture and destruction of certain dogs.

4. It has revoked its By-laws relating to Dogs, published under Administrator's Notice 2056 of 24 December, 1980, as amended, in view of the adoption of the Standard By-laws mentioned above.

5. It has further amended its By-laws relating to Licences and Business Control, published under Administrator's Notice 198 of 13 March, 1957, as amended, by the deletion of section 298 under Chapter 12. The general purport of the amendment is to delete provisions that prohibit kennels near residential areas in view of the fact that this matter is now regulated by the Standard By-laws mentioned above.

Copies of such by-laws, standard by-laws, revoked by-laws and amendments are lying for inspection during office hours at the offices of the Council at 41 Van Riebeeck Avenue, Alberton, for a period of fourteen days from the

date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*, i.e. 23 December, 1981.

Any person who desires to record his objection to such by-law, revocation or amendment shall do so in writing to the Town Clerk within fourteen days after the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

J. J. PRINSLOO
Acting Town Clerk.

Municipal Offices,
41 Van Riebeeck Avenue,
Alberton.
23 December, 1981.
Notice No. 83/1981.

STADSRAAD VAN ALBERTON.

WYSIGING, OPSTEL, AANNEMING EN HERROEPING VAN VERORDENINGE.

Daar word hierby ingevolge artikels 96 en 96bis van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, kennis gegee dat die Stadsraad van Alberton die verordeninge hierna genoem opgestel, gewysig, aangeneem of herroep het, naamlik:-

1. Verordeninge vir Spoorwegdienslyne en Private Spoorwegsylyne is opgestel. Die algemene strekking van die verordeninge is om voorwaardes te stel waaronder die Raad se spoorwegdienslyne gebruik mag word en private sylyne gebou en gebruik mag word, en om gelde te hef op persele wat deur spoorwegdienslyne bedien word of na mening van die Raad bedien kan word.

2. Die Elektriesiteitsverordeninge, aangeneem by Administrateurskennisgewing 1475 van 30 Augustus 1972, soos gewysig, is verder gewysig. Die algemene strekking van die wysiging is om die gelde wat deur verbruikers vir huishoudelike toevoer en vir handels-, nywerheids- en algemene toevoer betaalbaar is, te verhoog om 'n verhoging in gelde wat deur die Raad aan EVKOM betaalbaar is, te dek.

3. Die Standaardverordeninge betreffende Honde, gepubliseer by Administrateurskennisgewing 1387 van 14 Oktober 1981 is met wysigings as verordeninge wat deur die Raad opgestel, is, aangeneem. Die algemene strekking van die verordeninge is om die aanhou van honde te reël, belasting op honde te hef en om voorsiening te maak vir die skut, vang en van kant making van sekere honde!

4. Die Verordeninge betreffende Honde, afgekondig by Administrateurskennisgewing 2056 van 24 Desember 1959, soos gewysig, is herroep aangesien die Standaardverordeninge hierbo genoem, aangeneem is.

5. Die Verordeninge betreffende Lisensies en Beheer oor Besighede, afgekondig by Administrateurskennisgewing 198 van 13 Maart 1957, soos gewysig, word verder gewysig deur artikel 298 onder Hoofstuk 12 te skrap. Die algemene strekking van die wysiging is om bepalinge wat hondehokke naby woongebiede verbied, te skrap aangesien hierdie aangeleentheid nou deur die Standaardverordeninge hierbo genoem, gereël word.

Afskrifte van sodanige verordeninge, standaardverordeninge, herroepe verordeninge en wysigings lê by die Raad se kantoor te Van Riebeeck-laan 41, Alberton, vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, te wete 23 Desember 1981, gedurende kantoorure ter insae.

Enige persoon wat beswaar teen sodanige verordeninge, herroeping of wysigings wil aanteken moet dit skriftelik by die Stadsklerk doen binne veertien dae na die datum van publikasie

van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

J. J. PRINSLOO
Waarnemende Stadsklerk.

Municipale Kantoor,
Van Riebeeck-laan 41,
Alberton.
23 Desember 1981.
Kennisgewing No. 83/1981.

TOWN COUNCIL OF BETHAL.

AMENDMENT TO BY-LAWS.

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939 that the Town Council of Bethal intends to amend the following by-laws:

1. Attend the Electricity By-laws published under Administrator Notice No. 30 dated 2 January 1974, as amended, as from the 1st of January 1982 in order to meet the increased purchase price of electricity from ESCOM, further to -

1.1. substitute in item 8(5) of the Tariff of Charges under the schedule for the expression 155,5 % of the expression 181,2 %.

Copies of the proposed amendments will be open for inspection at the office of the Town Secretary, Municipal Offices, Market Street Bethal for a period of 14 days from the date of publication hereof.

Any person who wishes to object to the proposed amendments to By-laws, must lodge his objection with the undersigned within 14 days from publication of this notice.

G. J. J. VISSER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 3,
Bethal
2310.
23 December, 1981
Notice No. 56/81.

STADSRAAD VAN BETHAL.

WYSIGING VAN VERORDENINGE.

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalinge van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 dat die Stadsraad van Bethal van voornemens is om die volgende verordeninge te wysig:-

1. Die Elektriesiteitsverordeninge afgekondig by Administrateurskennisgewing 30 van 2 Januarie 1974, soos gewysig, verder met ingang 1 Januarie 1982 te wysig deur -

1.1. die uitdrukking 155,5 % in item 8(5) van die Tarief van Gelde onder die bylae te vervang met die uitdrukking 181,2 % ten einde sodoende die tariefverhogings deur EVKOM die hoof te bied.

Afskrifte van die voorgestelde wysiging lê ter insae in die kantoor van die Stadsekretaris, Municipale Kantore, Markstraat Bethal vir 'n tydperk van 14 dae vanaf datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat teen die voorgestelde wysiging beswaar wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 14 dae vanaf datum van

publikasie van hierdie kennisgewing, by ondergetekende indien.

G. J. J. VISSER,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Posbus 3,
Bethal,
2310,
23 Desember 1981
Kennisgewing No. 56/81.

1390-23

TOWN COUNCIL OF BOKSBURG.

ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS RELATING TO DOGS.

It is hereby notified, in terms of section 96bis of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, that the Town Council of Boksburg proposes to adopt the Standard By-laws Relating to Dogs as promulgated under Administrator's Notice 1387 dated 14 October, 1981 and to accept the annexure as by-laws compiled by the Town Council of Boksburg.

The proposed adoption will lie for inspection at Room No. 223, Second Floor, Civic Centre, Boksburg, from the date of this notice until 8 January, 1982 and any person who wishes to object to the proposed amendment, must lodge his objections with the Town Clerk in writing, not later than the date mentioned.

LEON FERREIRA,
Town Clerk.

Civic Centre,
Boksburg,
23 Desember, 1981.
Notice No. 56/81.

STADSRAAD VAN BOKSBURG.

AANNAME VAN STANDAARDVERORDENINGE BETREFFENDE HONDE.

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalinge van artikel 96bis van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Boksburg van voorneme is om die Standaardverordeninge Betreffende Honde afgekondig onder Administrateurskennisgewing 1387 van 14 Oktober 1981, aan te neem en die Bylae te aanvaar as verordeninge wat deur die Stadsraad van Boksburg opgestel is.

Die voorgestelde aanname lê vanaf datum hiervan tot en met 8 Januarie 1982 in Kamer no. 223, Tweede Vloer, Burgersentrum, Boksburg, ter insae en enige persoon wat teen die voorgestelde wysiging beswaar wil opper, moet sy beswaar uiterlik op genoemde datum skriftelik by die Stadsklerk indien.

LEON FERREIRA,
Stadsklerk.

Burgersentrum,
Boksburg,
23 Desember 1981.
Kennisgewing No. 56/81.

1391-23

TOWN COUNCIL OF BOKSBURG.

AMENDMENT OF ELECTICITY BY-LAWS.

Notice is hereby given, in terms of section 96 of the Local Government Ordinance (No. 17 of 1939), as amended that it is the intention of the Town Council of Boksburg to amend its Electricity By-laws published under Administrator's Notice No. 1227 of 26 July, 1972, as

amended by increasing the present tariff of charges.

Copies of the proposed amendment to the abovementioned By-laws will lie open for inspection in Room No. 224, Second Floor, Civic Centre, Boksburg, for a period of 14 days from date of publication hereof. Any person wishing to object to the proposed amendment must lodge his objection with the Town Clerk in writing, in duplicate, not later than 8 January, 1982.

LEON FERREIRA,
Town Clerk.

Civic Centre,
Boksburg,
23 Desember, 1981.
Notice No. 58/1981.

STADSRAAD VAN BOKSBURG.

WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalinge van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (No. 17 van 1939), soos gewysig, dat die Stadsraad van Boksburg van voorneme is om sy bestaande Elektrisiteitsverordeninge afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 1227 van 26 Julie 1972 soos gewysig, verder te wysig deur die bestaande tarief van gelde te verhoog.

Afskrifte van die voorgestelde wysiging van voormelde verordeninge lê ter insae in Kamer No. 224, Tweede Verdieping, Burgersentrum, Boksburg, vir 'n tydperk van 14 dae vanaf publikasie hiervan en enige persoon wat beswaar teen die voorgestelde wysiging wil opper, moet dit uiterlik op 8 Januarie 1982 in tweevoud by die Stadsklerk indien.

LEON FERREIRA,
Stadsklerk.

Burgersentrum,
Boksburg,
23 Desember 1981.
Kennisgewing No. 58/1981.

1392-23

TOWN COUNCIL OF BRAKPAN.

PROPOSED GRANTING OF A SERVITUDE FOR OVERHEAD POWER LINES AND/OR UNDERGROUND CABLES OR APPLIANCES OVER ERF 748, DALPARK EXTENSION 1 TOWNSHIP, TO THE ELECTRICITY SUPPLY COMMISSION.

Notice is hereby given in accordance with section 79(18) of the Local Government Ordinance, 1939, that it is the intention of the Town Council of Brakpan to grant a servitude, eleven (11) metres wide, over Erf 748, Dalpark Extension 1 Township, to the Electricity Supply Commission for purposes of overhead power lines and/or underground cables or appliances.

Further particulars of the proposed servitude lie open to inspection at the office of the undersigned.

Any person who has an objection to the granting of the servitude should lodge his objection in writing with the undersigned not later than 6 January, 1982.

G. E. SWART,
Town Clerk.

Brakpan,
23 Desember, 1981.
Notice No. 202/1981.

STADSRAAD VAN BRAKPAN.

VOORGESTELDE TOESTAAN VAN 'N SERWITUUT VIR BOGRONDSE KRAG-

LYNE EN/OF ONDERGRONDSE KABELS OF TOERUSTING OOR ERF 748, DALPARK UITBREIDING 1 DORPSGEBIED, AAN DIE ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSKOMMISSIE.

Kennis geskied hiermee ooreenkomstig artikel 79(18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Brakpan van voorneme is om 'n serwituut elf (11) meter wyd, oor Erf 748, Dalpark Uitbreiding 1 Dorpsgebied, aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie te verleen vir doeleindes van bogrondse kraglyne en/of ondergrondse kabels of toerusting.

Nadere besonderhede oor die serwituut lê ter insae in die kantoor van die ondergetekende tydens gewone kantoorure.

Enige persoon wat beswaar wil maak teen die verlening van die serwituut moet sy beswaar skriftelik by die ondergetekende indien nie later as 6 Januarie 1982.

G. E. SWART,
Stadsklerk.

Brakpan,
23 Desember 1981.
Kennisgewing No. 202/1981.

1393-23

TOWN COUNCIL OF BRAKPAN.

PROPOSED CLOSING OF A PORTION OF SALTER STREET EXTENSION SITUATED ON THE REMAINING EXTENT OF PORTION 23 OF THE FARM KOOLBULT 121-IR, AND ELIENATION THEREOF AS WELL AS A PORTION OF THE REMAINING EXTENT OF PORTION 23 OF THE FARM KOOLBULT 121 IR.

Notice is hereby given in accordance with section 67 and 79(18)(b) of the Local Government Ordinance, 1939, as amended that it is the intention of the Town Council of Brakpan to permanently close the above-mentioned street portion and to alienate same as well as a portion of the Remaining Extent of Portion 23 of the Farm Koolbult 121 IR.

A plan of the street portion and further particulars on the proposed closing and alienation of the said properties lie open to inspection at the office of the undersigned.

Any person who has an objection to the closing of the street portion and/or to the alienation thereof and of the farm portion or who should have a claim for compensation should such closing be carried out should lodge his objection and/or claim in writing with the undersigned not later than 23 February, 1982.

G. E. SWART,
Town Clerk.

Brakpan,
23 Desember, 1981.
Notice No. 201/1981.

STADSRAAD VAN BRAKPAN.

VOORGENOME SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN SALTERSSTRAAT-VERLENGING GELEË OP DIE RESTERENDE GEDEELTE VAN GEDEELTE 23 VAN DIE PLAAS KOOLBULT 121-IR EN VERVREEMDING VAN GESEGDE STRAATGEDEELTES EN 'N GEDEELTE VAN DIE RESTERENDE GEDEELTE VAN GEDEELTE 23 VAN DIE PLAAS KOOLBULT 121 IR.

Kennis geskied hiermee ooreenkomstig artikels 67 en 79(18)(b) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Brakpan van voorneme is om bogemelde straatgedeelte permanent te sluit en dit tesame met 'n gedeelte van die Resterende Gedeelte

van Gedeelte 23 van die Plaas Koolbult 121-IR te vervreem.

'n Plan wat die straatgedeelte aantoon en nadere besonderhede oor die sluiting en vervreemding van gesegde eiendomme lê te insae in die kantoor van die ondergetekende tydens gewone kantoorure.

Enige persoon wat beswaar wil maak teen die sluiting en/of vervreemding daarvan en van die plaasgedeelte of 'n eis om vergoeding het indien die sluiting uitgevoer word, moet sy beswaar en/of eis na gelang van die geval skriftelik by die ondergetekende indien nie later nie as 23 Februarie 1981.

G. E. SWART,
Stadsklerk.

Brakpan.
23 Desember 1981.
Kennigewing No. 201/1981.

1394-23

BEDFORDVIEW VILLAGE COUNCIL.

LOCAL AUTHORITY OF BEDFORDVIEW: VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEAR 1980/1981.

Notice is hereby given in terms of section 16(4)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the valuation roll for the financial year 1980/1981 of all rateable property within the municipality has been certified and signed by the chairman of the valuation board and has therefore become fixed and binding upon all persons concerned as contemplated in section 16(3) of that Ordinance.

However, attention is directed to section 17 or 38 of the said Ordinance, which provide as follows:

"Right of appeal against decision of valuation board.

17(1) An objector who has appeared or has been represented before a valuation board, including an objector who has lodged or presented a reply contemplated in section 15(4), may appeal against the decision of such board in respect of which he is an objector within thirty (30) days from the date of the publication in the *Provincial Gazette* of the notice referred to in section 16(4)(a) or, where the provision of section 16(5) are applicable within twenty-one (21) days after the day, on which the reasons referred to therein were forwarded to such objector, by lodging with the secretary of such board a notice of appeal in the manner and in accordance with the procedure prescribed and such secretary shall forward forthwith a copy of such notice of appeal to the valuer and the local authority concerned.

(2) A local authority which is not an objector may appeal against any decision of a valuation board in the manner contemplated in subsection (1) of any other person who is not an objector but who is directly affected by a decision of a valuation board may, in like manner, appeal against such decision."

A notice of appeal form may be obtained from the secretary of the valuation board.

S. J. JACOBS,
Secretary: Valuation Board.

1 Hawley Road,
Bedfordview.
2008.
23 Desember, 1981.

DORPSRAAD VAN BEDFORDVIEW.

PLAASLIKE BESTUUR VAN BEDFORDVIEW: WAARDERINGSGLYS VIR DIE BOEKJAAR 1980/1981.

Kennis word hierby ingevolge artikel 16(4)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van

1977) gegee dat die waarderingslys vir die jaar 1980/1981 van alle belasbare eiendom binne die munisipaliteit deur die voorsitter van die waarderingsraad gesertifiseer en geteken is en gevolglik finaal en bindend geword het op alle betrokke persone soos in artikel 16(3) van daardie Ordonnansie beoog.

Die aadag word egter gevestig op artikel 17 of 38 van die gemelde Ordonnansie wat soos volg bepaal:

"Reg van appèl teen beslissing van waarderingsraad.

17(1) 'n Beswaarmaker wat voor 'n waarderingsraad verskyn het of verteenwoordig was, met inbegrip van 'n beswaarmaker wat 'n antwoord soos in artikel 15(4) beoog, ingedien of voorgelê het, kan teen die beslissing van sodanige raad ten opsigte waarvan hy 'n beswaarmaker is, binne dertig dae vanaf die datum van die publikasie in die *Provinsiale Koerant* van die kennisgewing in artikel 16(4)(a) genoem of, waar die bepaling van artikel 16(5) van toepassing is, binne een-en-twintig dae na die dag waarop die redes daarin genoem, aan sodanige beswaarmaker gestuur is, appèl aanteken deur by die sekretaris van sodanige raad 'n kennisgewing van appèl op die wyse soos voorgeskryf en in ooreenstemming met die prosedure soos voorgeskryf in te dien en sodanig sekretaris stuur onverwyld 'n afskrif van sodanige kennisgewing van appèl aan die waardeerder en aan die betrokke plaaslike bestuur.

(2) 'n Plaaslike Bestuur wat nie 'n beswaarmaker is nie, kan teen enige beslissing van 'n waarderingsraad appèl aanteken op die wyse in subartikel (1) beoog en enige ander persoon wat nie 'n beswaarmaker is nie maar wat regstreeks deur 'n beslissing van 'n waarderingsraad geraak word, kan op dergelike wyse, teen sodanige beslissing appèl aanteken."

'n Vorm vir kennisgewing van appèl kan van die sekretaris van die waarderingsraad verkry word.

S. J. JACOBS,
Sekretaris: Waarderingsraad.

Hawleyweg 1,
Bedfordview.
2008.
23 Desember 1981.

1395-23

SCHEDULE 11.

LOCAL AUTHORITY OF CARLETONVILLE: VALUATION ROLL AND SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1980/81:

(Regulation 12).

Notice is hereby given in terms of section 16(4)(a) and 37 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the valuation roll and supplementary valuation roll for the financial years 1980/81 of all rateable property within the municipality has been certified and signed by the chairman of the valuation board and has therefore become fixed and binding upon all persons concerned as contemplated in section 16(3) and 37 of that Ordinance.

However, attention is directed to section 17 or 38 of the said Ordinance, which provides as follows: -

"Right of appeal against decision of valuation board.

17(1) An objector who has appeared or has been represented before a valuation board, including an objector who has lodged or presented a reply contemplated in section 15(4), may appeal against the decision of such board in respect of which he is an objector within thirty days from the date of the publication in the *Provincial Gazette*, of the notice referred to

in section 16(4)(a) or, where the provisions of section 16(5) are applicable, within twenty-one days after the day on which the reasons referred to therein, were forwarded to such objector, by lodging with the secretary of such board a notice of appeal in the manner and in accordance with the procedure prescribed and such secretary shall forward forthwith a copy of such notice of appeal to the valuer and to the local authority concerned.

(2) A local authority which is not an objector may appeal against any decision of a valuation board in the manner contemplated in subsection (1) and any other person who is not an objector but who is directly affected by a decision of a valuation board may, in like manner, appeal against such decision."

A notice of appeal form may be obtained from the secretary of the valuation board.

Secretary: Valuation Board.

Halite Street,
P.O. Box 3,
Carletonville.
2500.
23 Desember, 1981.
Notice No. 71/1981.

BYLAE 11.

PLAASLIKE BESTUUR VAN CARLETONVILLE: WAARDERINGSGLYS EN AANVULLENDE WAARDERINGSGLYS VIR DIE BOEKJARE 1980/81:

(Regulasie 12).

Kennis word hierby ingevolge artikel 16(4)(a) en 37 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die waarderingslys en aanvullende waarderingslys vir die boekjare 1980/81 van alle belasbare eiendom binne die munisipaliteit deur die voorsitter van die waarderingsraad gesertifiseer en geteken is en gevolglik finaal en bindend geword het op alle betrokke persone soos in artikel 16(3) en 37 van daardie Ordonnansie beoog.

Die aadag word egter gevestig op artikel 17 of 38 van die gemelde Ordonnansie wat soos volg bepaal: -

"Reg van appèl teen beslissing van waarderingsraad.

17(1) 'n Beswaarmaker wat voor 'n waarderingsraad verskyn het of verteenwoordig was, met inbegrip van 'n beswaarmaker wat 'n antwoord soos in artikel 15(4) beoog, ingedien of voorgelê het, kan teen die beslissing van sodanige raad ten opsigte waarvan hy 'n beswaarmaker is, binne dertig dae vanaf die datum van publikasie in die *Provinsiale Koerant* van die kennisgewing in artikel 16(4)(a) genoem of, waar die bepaling van artikel 16(5) van toepassing is, binne een-en-twintig dae na die dag waarop die redes daarin genoem, aan sodanige beswaarmaker gestuur is, appèl aanteken deur by die sekretaris van sodanige raad 'n kennisgewing van appèl op die wyse soos voorgeskryf en in ooreenstemming met die prosedure soos voorgeskryf in te dien en sodanig sekretaris stuur onverwyld 'n afskrif van sodanige kennisgewing van appèl aan die waardeerder en aan die betrokke plaaslike bestuur.

(2) 'n Plaaslike bestuur wat nie 'n beswaarmaker is nie, kan teen enige beslissing van 'n waarderingsraad appèl aanteken op die wyse in subartikel (1) beoog en enige ander persoon wat nie 'n beswaarmaker is nie, maar wat regstreeks deur 'n beslissing van 'n waarderingsraad geraak word, kan op dergelike wyse, teen sodanige beslissing appèl aanteken."

'n Vorm vir kennisgewing van appél kan van die sekretaris van die waarderingsraad verkry word.

Sekretaris: Waarderingsraad.

Halitestraat,
Posbus 3,
Carletonville.
2500.

23 Desember 1981.

Kennisgewing No. 71/1981.

1396-23

DENDRON HEALTH COMMITTEE.

PROPOSED BUS TERMINUS: DENDRON.

Notice is hereby given in terms of section 65bis of the Local Government Ordinance 1939 that on 25 November, 1981 the Committee resolved to fix a bus stopping place and stand for public vehicles at the public amenity building situate alongside the northwestern entrance to the town as from 1 February, 1981.

The Committee's resolution will be open for inspection during ordinary office hours at the office of the secretary Health Committee office's Dendron until 9 January, 1981.

Any person who objects to the proposed bus and public vehicle stopping place, must lodge his objection in writing with the undersigned not later than 9 January, 1982.

J. G. A. DU PREEZ,
Secretary.

Health Committee Office,
P.O. Box 44,
Dendron.
23 December, 1981.

GESONDHEIDSKOMITEE VAN DENDRON.

VOORGESTELDE BUSTERMINUS: DENDRON.

Hierby word ingevolge artikel 65bis van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur 1939 kennis gegee dat die Komitee op 25 November 1981 besluit het om 'n bushalte en standplaas vir publieke voertuie by die openbare geriewebou geleë langs die Noordwestelike ingang na die dorp vanaf 1 Februarie 1982 daar te stel.

Die besluit van die Komitee is gedurende gewone kantoorure ter insae by die kantoor van die Sekretaris Gesondheidskomitee kantore Dendron, tot 9 Januarie 1982.

Iemand wat teen die voorgestelde bushalte en -staanplek beswaar wil maak moet sy beswaar uiters op 9 Januarie 1982 skriftelik by die ondergetekende indien.

J. G. A. DU PREEZ,
Sekretaris.

Gesondheidskomiteekantore,
Posbus 44,
Dendron.
23 Desember 1981.

1397-23

TOWN COUNCIL OF EVANDER.

NOTICE IN TERMS OF SECTION 96 OF THE LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE, 1939.

It is the intention of the Town Council of Evander to amend the electricity by-laws. The general purport of these amendments is to increase the tariffs for the supply of electricity in accordance with an increase in tariffs by Eskom.

Copies of the proposed amendments are open for inspection at the office of the Town Secretary, Civic Centre, Bologna Road (Room 22) Evander.

Any person desirous of objecting to these amendments shall do so in writing to the Town Clerk, P.O. Box 55, Evander, on or before the fourteenth day after publication hereof in the *Provincial Gazette*.

J. S. VAN ONSELEN,
Town Clerk.

Civic Centre,
P.O. Box 55,
Evander.
2280.

Telephone: 22231/5.

23 December, 1981.

Notice No. 61/81.

STADSRAAD VAN EVANDER.

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 96 VAN DIE ORDONNANSIE OP PLAASLIKE BESTUUR, 1939.

Die Stadsraad van Evander is van voornemens om die Elektrisiteitsverordeninge te wysig. Die algemene strekking van die wysiging is om die gelde betaalbaar vir lewering van elektrisiteit te verhoog ooreenkomstig 'n tariefaanpassing deur Evkom.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings lê ter insae in die kantoor van die Stadsektaris, Burgersentrum, Bolognaweg (Kamer 22), Evander.

Enige persoon wat beswaar teen die wysiging wil aanteken moet sy beswaar skriftelik by die Stadsklerk, Posbus 55, Evander indien voor of op die veertiende dag na verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

J. S. VAN ONSELEN,
Stadsklerk.

Burgersentrum,
Posbus 55,
Telefoon: 22231/5,
Evander.
2280.

Kennisgewing No. 61/81.

1398-23

FOCHVILLE TOWN COUNCIL.

DETERMINATION OF BUS ROUTE AND STOPS.

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 65bis(2) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939) that the Town Council of Fochville has resolved to determine the following bus route and stops in respect of black passengers transported by Greyhound Bus Lines (Pty) Ltd.:-

ROUTE AND STOPS:

From Carletonville along Losberg Avenue to the First Street junction, then west with First Street to the Kraalkop Street junction, then south with Kraalkop Street to the Church Street junction, with the following bus stops and shelters in Kraalkop Street:

(1) Bus stop east of Kraalkop Street between First- and Second Street.

(2) Bus stop east of Kraalkop Street between Third- and Fourth Street.

(3) Bus stop and shelter east of Kraalkop Street between Sixth- and Seventh Street.

(4) Bus stop east of Kraalkop Street between Eighth- and Ninth Street.

(5) Bus stop east of Kraalkop Street between Market- and Church Street.

Then east along Church Street to the Loopspruit Avenue junction, then south-east along Loopspruit Avenue to the Kruis Street junction, then west with Kruis Street to the

Losberg Avenue junction, then north along Losberg Avenue to the place of rest and shelter for Blacks situated between President- and Kruis Street. From the mentioned place south along Losberg Avenue to the Bosman Street junction, then west along Bosman Street to the Du Preez Street junction with the following bus stops and shelters in Bosman Street;

(1) Bus stop north of Bosman Street between Steyn- and Kraalkop Street.

(2) Bus stop and shelter south of Bosman Street between Steyn- and Kraalkop Street.

Then north along Du Preez Street to the Church Street junction with the following bus stops in Du Preez Street;

Bus stop east and west of Du Preez Street between Bosman- and Munt Street. Then east along Church Street to the Kokosi Black Township with the following bus stops and shelters in Church Street to the mentioned Black Township;

(1) Bus stop and shelter north of Church Street between Du Preez- and Botha Street.

(2) Bus stop south of Church Street between Du Preez- and Botha Street.

(3) Bus stop north and south of Church Street between Church Street and the uncultivated area.

(4) Bus stop and shelter at the entrance of Kokosi Black residential area;

From the mentioned bus stop at Kokosi Black Residential area east along Church Street to the Du Preez Street junction, then south along Du Preez Street to the Bosman Street junction, then east along Bosman Street to the Losberg Avenue junction, then north with Losberg Avenue to the place of rest for blacks. Further south along Losberg Avenue to the Kruis Street junction then east along Kruis Street to the Loopspruit Avenue junction, then north-west along Loopspruit Avenue to the Traffic Circle and then south with Losberg Avenue to the Carletonville road.

Copies of the above-mentioned resolution are open for inspection at the office of the Town Secretary until 18 January, 1982.

Any person who desires to record his objection to the above route and bus stop determination must do so in writing to the Town Clerk on or before 18 January, 1982.

D. J. VERMEULEN,
Acting Town Clerk.

Municipal Office,
P.O. Box 1,
Fochville.
2515.

23 December, 1981.

Notice No. 61/1981.

STADSRAAD VAN FOCHVILLE.

VASSTELLING VAN BUSROETES EN HALTES.

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalinge van artikel 65bis(2) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939) dat die Stadsraad van Fochville besluit het om die volgende busroete en haltes vir swart passasiers vervoer deur Greyhound Busdiens (Edms) Bpk. goed te keur en vas te stel:

ROETE EN HALTES:

Vanaf Carletonville beweeg die bus met Losberglaan in tot by die Eerste straat aansluiting, daarna wes in Eerste straat tot by die kraalkopstraat aansluiting, daarna suid met Kraalkopstraat tot by die Kerkstraataansluiting.

ing met die volgende bushaltes en skuilings in Kraalkopstraat;

(1) Bushalte aan die oostekant van Kraalkopstraat tussen Eerste- en Tweede Straat.

(2) Bushalte aan die oostekant van Kraalkopstraat tussen Derde- en Vierde Straat.

(3) Bushalte- en skuilings aan die oostekant van Kraalkopstraat tussen Sesde- en Sewende Straat.

(4) Bushalte aan oostekant van Kraalkopstraat tussen Agtste- en Negenste Straat.

(5) Bushalte aan oostekant van Kraalkopstraat tussen Mark- en Kerkstraat;

Daarna oos in Kerkstraat tot by die Loopspruitlaan aansluiting, dan suid-oos in Loopspruitlaan tot by die Kruisstraat aansluiting, daarna wes met Kruisstraat tot by die Losberglaan aansluiting, daarna noord met Losberglaan tot by die Nie-Blanke rusoord en busskuiling wat geleë is tussen President- en Kruisstraat. Vanaf genoemde Nie-Blanke rusoord suid met Losberglaan tot by die Bosmanstraat aansluiting, daarna wes met Bosmanstraat tot by die Du Preezstraat aansluiting met die volgende bushaltes en skuilings in Bosmanstraat;

Bushalte aan die noorde- en suidekant van Bosmanstraat tussen Steyn- en Kraalkopstraat.

Daarna noord in Du Preezstraat tot by die Kerkstraat aansluiting met die volgende bushaltes in Du Preezstraat;

Bushaltes aan die oostekant en weste van Du Preezstraat tussen Bosman- en Munstraat.

Daarna wes met Kerkstraat tot by die Kokosi Swart-Woongebied met die volgende bushaltes en skuilings in Kerkstraat tot by genoemde woongebied;

(1) Bushalte en skuilings aan die noorde- en suidekante van Kerkstraat tussen Du Preez- en Bothastraat.

(2) Bushaltes aan die noordekant en suidekant van Kerkstraat tussen Kortstraat en die onbeboude gebied.

(3) Bushalte en skuilings by die ingang van Kokosi Swart-Woongebied;

Vanaf genoemde bushalte by Kokosi Woongebied oos met Kerkstraat tot by die Du Preezstraat aansluiting, daarna suid met Du Preezstraat tot by die Bosmanstraat aansluiting, daarna oos met Bosmanstraat tot by die Losberglaan aansluiting, daarna noord met Losberglaan tot by die Nie-Blanke rusoord. Vandaar suid met Losberglaan tot by die Kruisstraat aansluiting, daarna oos met Kruisstraat tot by die Loopspruitlaan aansluiting, daarna noord-wes met Loopspruitlaan tot by die verkeersirkel en dan noord met Losberglaan tot op die Carletonville pad.

Afskrifte van bogenelde besluit lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris tot 18 Januarie 1981.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde roete- en haltevasstelling wens aan te teken moet dit skriftelik voor of op 18 Januarie 1982 by die Stadsklerk indien.

D. J. VERMEULEN,
Wnd. Stadsklerk.

Munisipale Kantoor,
Posbus 1,
Fochville.
2515.
23 Desember 1981.
Kennisgewing No. 61/81.

1399-23

FOCHVILLE TOWN COUNCIL.

DETERMINATION OF BUS ROUTE AND STOPS.

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 65bis(2) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939) that the Town Council of Fochville has resolved to determine the following bus route and stops in respect of white passengers transported by Western Deep Levels Gold Mine:

ROUTE AND STOPS.

From Carletonville along Losberg Avenue to the First Street junction; then west with First Street to the Steyn Street junction with a bus stop south of First Street between Losberg Avenue and Kraalkop Street.

Then south with Steyn Street to the Kruis Street junction with the following bus stops in Steyn Street: -

(1) Bus stop east of Steyn Street between First- and Second Street.

(2) Bus stop east of Steyn Street between Third- and Fourth Street.

(3) Bus stop east of Steyn Street between Seventh- and Eighth Street.

(4) Bus stop east of Steyn Street between Wulfsohn- and Hortvitch Street.

(5) Bus stop east of Steyn Street between Market- and Church Street.

(6) Bus stop east of Steyn Street between School- and Kruis Street.

